# Dienelkander

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos**

**WhatsApp:** 067 713 2332 **Webblad:** www.oosdoppers.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/oosdoppers **Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
**Intydse erediensuitsendings op YouTube by:** Oos-Doppers Potch


## 16 Oktober 2022

**09:30 OGGENDEREDIENS:**
**Prof Nico Vorster**

**God en ons ontmoet mekaar**
Intreelied: Lied 151: 1-2; Votum; Groetseën; Sing: Lied 525: 1-3; Geloofsbelydenis (Belydenis van Nicea);

**Ons verootmoedig ons voor God**
Wetlesing; Sing: Ps 119: 6-7 (eerste melodie); Gebed

**God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in die geloof**
Skriflesing: Johannes 14: 1-17;
Teks: Johannes 14:11 en 16-17; Woordverkondiging

**Ons antwoord op die Woordbediening**
Gebed; Liefdegawes word by die deure opgeneem; Sing: Sb 12-2: 1, 4; Wegstuurseën; Amenlied: Sb 13-2.

Beide liefdegawes vandag vir ons eie Diakonie (Groot boks - Zapper betaal-metode beskikbaar en klein boks).

**KLEINGROEPE VERGADER**

**MEELEWING**

- Douw Kruger was weer in Medikliniek opgeneem vir verdere toetse. Ons dank die Here dat daar nie tekens van kanker is nie. Hy sukkel wel met bloedarmoede. Hy sterk nou weer tuis aan.
- Huib van Hamburg ondergaan more ‘n tweede heupvervangingoperasie.
- Ds Piet is Dinsdag met gordelroos gediagnoseer en herstel tuis. Hy sal Woensdag sy werksaamhede weer opneem.
- Carli Kruger (van Pieter en Suzanne) is in die hospitaal opgeneem vir behandeling.
- Dawie van Zyl ondergaan Woensdag ‘n voet-operasie in Medikliniek.
- Oom Jan-Ernst Oosthuizen se ouer broer is Donderdag in die ouderdom van 94 jaar oorlede.
- Tobianna Willemse se seun SM het ernstig siek geword en is in die ISE opgeneem. Tobianna het Kaap toe gevlieg om hulle daar te gaan bystaan.

- Melanie Crause het frakture aan beide kante van een van haar rugwerwels wat baie pyn veroorsaak. Sy gaan Maandag vir ‘n operasie na Life Eugene Marais hospitaal in Pretoria om ‘n sintetiese kussingkie in te sit en ook skroewe vir stabiliteit.

**Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.**

## BAIE GELUK!

Baie geluk aan Pieter en Suzanne Kruger met die verkiesing van Pieter as hoofseun by LS Mooirivier. Pieter, ons is trots op jou.

## ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Corrie du Plessis en Annetjie Vermeulen.

## BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

**Vandag**
09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenderediens
Bekendstelling van “Ontsnap uit die ‘Rat race’”-projek: dr Pieter Joubert
Tee, koffie, sap en kuier
Kleuterbediening
Huisgeloofbyeenkomste
Kleingroepbyeenkomste

**Maandag**
Geen Bedienings DG vergadering

**Dinsdag**
06:00 Manne-ondersteuningsgroep aan huis van Christo vd Walt
17:00 Eiendomme-diensgroep
Geen Katkisasie

**Woensdag**
17:15 Katkisasie gr 9
18:00 Katkisasie gr 10

**Donderdag**
17:00 “Griefshare"

**Volgende Saterdag**
16:00 Diakonie: Dankbaarheidsfees

## AFKONDIGINGS

- Beide liefdegawes vandag vir ons eie Diakonie (Groot boks - Zapper betaal-metode beskikbaar en klein boks).
- Gawes volgende Sondag by die deure vir Bybelverspreiding.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurte: Groep 32 en 33.

## HUISGELOOF-JEUGBYEENKOMSTE VANDAG

**Tema: Ek moet myself en maats in die wêreld oppas.**

Al ons voorskoolse- en laerskoolkinders kom na die erediens in die saal bymekaar waar hulle in groepe gedeel sal word vir elkeen se byeenkoms.

<u>Voorskoolse jeug</u>:
Ons gaan gesels oor maatjies en hoe ons mekaar moet oppas in die wêreld. Ons gaan kyk na "maatjies" in die Bybel en wat ons van hulle leer.

<u>Laerskooljeug</u>:
Ons kyk hoe jy die wapenrusting van God kan gebruik om jouself en jou maats te beskerm, soos soldate gebruik ons ‘n skild om die pyle af te weer. Ons gaan dit prakties maak met ‘n lekker buite-lug speletjie.

<u>Hoërskooljeug en ouers (van alle ouderdomsgroepe)</u>:
Kom in die kerkgebou bymekaar vir ‘n toerustingsgesprek oor boelies en die hantering van boelies, olv Heleen Coetzee.

## VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

**Sondag, 16 Oktober**
Sr Veronique Geyer

**Maandag, 17 Oktober**
Sr Hannie Niemand
Sr Estelle v Hamburg

**Dinsdag, 18 Oktober**
Jsr Janelle du Plessis
Sr Susan Lourens

**Woensdag, 19 Oktober**
Br Frans Kruger

**Donderdag, 20 Oktober**
Br Giel Vermeulen *

**Vrydag, 21 Oktober**
Br Willem Pretorius

**Saterdag, 22 Oktober**
Jsr Lienke Coetzee
Sr Maxine Coetzee

* Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

## "ONTSNAP UIT DIE 'RAT RACE'"

Dr Pieter Joubert bied vir ons hulp aan oor hierdie geweldig belangrike saak wat besig is om baie mense se lewens in te sluk! Jy sal regtig baie baat vind om saam met Pieter op hierdie ontdekkingsreis te gaan.

***JAAG JY NA SUKSES?***
***Reputasie, prestasie, besittings***
***OF***
***STREWE JY NA BETEKENISVOLHEID?***
***Diens en liefde***

Pieter gaan vanoggend na die diens vertel hoe hierdie selfsorg- en selfontdekkingsprojek gaan werk. Hy gaan vorms uitdeel wat almal tuis op hulle eie tyd kan invul en op 'n gegewe datum moet inhandig sodat hy dit kan verwerk.

Op **Sondagaand 12 November** kom almal wat aan die projek deelgeneem het, bymekaar in die Skuur en dan sal Pieter die uitkomste van elkeen se vraelys verduidelik en riglyne gee oor hoe mens jou lewe kan verander om 'n meer betekenisvolle uitkoms te bereik.

**DANKBAARHEIDSFEES:**
**VOLGENDE SATERDAG 22 OKTOBER**
**IS JULLE PLEKKE AAN DIE FEESMAAL AL BESPREEK?**

Een van die geheime van 'n gelukkige lewe is dankbaarheid. Wanneer ons dit kan reg kry om met dankbaarheid te leef, verander dit die wêreld vir ons. 'n Vragie: begin ons verby die dinge kyk wat die lewe vir ons moeilik maak en sien ons die seën wat ons het, raak? Daar is soveel om voor dankbaar te wees! Kom ons vier dit as gemeente saam.

Hou die datum van <u>22 Oktober</u> so van 16:00 die middag af oop vir ons Dankbaarheidsfees. Dit is 'n jaarlikse kuiergeleentheid wat ons Diakonie reël en wat jy nie wil misloop nie. Indien u op enige manier wil betrokke raak by die Dankbaarheidsfees, skenkings wil maak vir die ete of hulp wil aanbied, kan u gerus vir Riaan van der Walt kontak by 082 784 9215.

## OOSDOPPERKAMP –
## vir gesinne met kleiner kinders

Ouers lees Bybelverhale, leer hul kinders bid en doen saam katkisasie. Veral met klein kindertjies is Bybelstudies en kleingroepbyeenkomste meer chaos as leersaam. Ouers se geloofsgroei gaan staan soms stil.

Ons beplan 'n kamp vir ouers en kinders en wil hierdie geleentheid gebruik om mekaar

te bemoedig, suksesse te deel en ons geloofsgroei weer aan te wakker.

**Prof Albert Coetzee van die TSP gaan bietjie saam kom gesels en leiding uit die Skrif gee oor hierdie belangrike onderwerp. Hy en Lulu het self 4 jong seuns en hy kan uit ervaring praat.**

Datum: 28-30 Oktober
Plek: Rietspruitdam Ontspanningsoord
Koste: R200 per gesin vir die naweek
Daar is nog slegs 5 staanplekke beskikbaar.

Vir besprekings en navrae kontak Marlise (083 655 8145) of Anton (078 114 1757)

## AMANDELBLOEISELS /SENIORLIDMAAT-AFSLUITING

Die Susters nooi graag die Amandelbloeisels en al ons seniorlidmate na ‘n afsluiting op Woensdag, 2 November om 10:00, in die tuin van Frikkie en Anna Smith, Plot 428, Vyfhoek (N12).

RSVP voor of op Woensdag, 26 Oktober by die kerkkantoor of skryf jou naam op die lys in die voorportaal van die Skuur.

*Vervoer kan gereël word indien u nie vervoer het nie.*

## KERSBEDERF

Ons gemeente se Susters gee jaarliks vir ongeveer 25 gesinne in ons gemeente 'n "Bederf-emmer" / "Bederf-boks" voor Kersfees om 'n lekker Kersete mee voor te berei.

Ons wil graag 'n beroep op Kleingroepe en indiwiduele huisgesinne doen om saam te span en items vir so 'n boks/emmer te skenk om sodoende die las bietjie ligter te maak. Vir een so 'n boks/emmer benodig ons die volgende nie-bederfbare items:

- Pasta
- Mayonaise
- Ingemaakte slaaie
- Jellie en Vla
- Aanmaak-koeldrank
- Koekies of ander lekkernye
- Kitspoeding / kitskoek

Ander items wat 'n Kersfees-ete vir 'n gesin spesiaal sal maak is ook natuurlik welkom - hierdie is maar net 'n riglyn.

Baie dankie dat ons u kan vra om dit met groepbediening / huisbesoeke aan julle groep voor te lê. Laat weet gerus vir die kerkkantoor (Adele 082 532 8658) indien julle Kleingroep/huisgesin hieraan sal deelneem.

## KERSMARK 2022

Ons het hierdie jaar weer borgskappe nodig om ons projek suksesvol aan te bied. Indien enige lidmate kans sien om op hierdie manier betrokke te raak, kan julle gerus met Rieëtte of Adele skakel.

## GKSA NUUS

Beroepe bedank
• Ds LD (Daniël) Myburgh van GK Venterstad na GK Middelburg (Oos Kaap)
• Ds GD (Orrie) Oosthuizen van GK Vaalharts na GK Vredenburg/Saldanha

2023 ALMANAK BESTELLINGS
Hierdie veeldoelige kerklike publikasie bied jou verrykende Bybelse Dagstukkies vir die hele jaar wat deur Gereformeerde predikante geskryf is. Aan die ander kant bied dit vir jou al die inligting oor elke predikant en gemeente in die GKSA. Dit bevat ook lekker Bybelse blokraaisels om te voltooi.




Skryf gerus u naam op die lys in die voorportaal van die Skuur om 2023 se Almanak te bestel. Dit kos maar slegs R116.00 per eksemplaar.

## ALGEMENE INLIGTING

### LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

### KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Kerkkantoor: Adele – 018 290 7690 /
082 532 8658
kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

### BANKBESONDERHEDE

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos
ABSA Tjekrek: 670 340 066
Takkode: 335 138

Diakonie
ABSA Tjekrek: 670 280 160
Takkode: 335 138

Susters
Capitec Spaarrek: 145 652 5695
Takkode: 470 010



# SUSTERS

PS. 119:105 " U WOORD IS DIE LAMP WAT MY DIE WEG WYS, DIE LIG OP MY PAD."

## SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

## TEESKINK-GELEENTHEID



Koffie, tee en koeldrank vandag in die Skuur na die oggenddiens. Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:


Susan Lourens en groep 9, Corné Geyer en groep 17, Gizelle Alberts en groep 27, asook Anneke Steenkamp en groep 35.

## BLIKKIES-WARMHARTE



Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.

**Baie dankie vir julle getroue bydraes!**



## SUSTERSBYDRAE

Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

## SUSTERSAFSLUITING

Liewe susters, Elsie Ferreira en die susters van blok D nooi julle graag na ‘n heerlike saam-kuier aand vir ons jaarlikse afsluiting op Dinsdag 25 Oktober om 18:30. Ons het ‘n spreker wat kom praat oor “emosionele intelligensie” vir die vrou.



Elkeen bring asb ‘n kersgeskenk saam ter waarde van R50,00.

Skryf asb jou naam op die lys in die voorportaal as jy saam met ons kom kuier! Ons sien uit om almal daar te sien!

## KWARTAALPROGRAM

| VIERDE KWARTAAL | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **DATUM** | **DAG** | **TYD** | **WIE** | **WAT** |
| 11 Okt | Dinsdag | 18:00 | Bestuur | Sustersbestuursvergadering |
| **25 Okt** | **Dinsdag** | **18:30** | **Blok D** | **Potch-Oos Sustersafsluiting** |
| **2 Nov** | **Woensdag** | **10:00** | Bestuur /groepsusters | **Seniorlidmate: Afsluiting** |
| 3 Nov | Donderdag | 18:30 | Blok A | Ouderlingverversings |
| 13 Nov | Sondag | 12:00 | Blok B | Nagmaalete |
| **20 Nov** | **Sondag** | **18:00** | **Bestuur en groepsusters** | **Kerssangdiens** |
| 24 Nov - 3 Des | Don - Sat | 07:00 tot 20:00 | Almal | Mooirivier Kersmark |

## BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!



Sanet Ras Prokureurs

OPSTEL VAN TESTAMENTE.

BEREDDERING VAN BOEDELS.

ALLE EIENDOMSTRANSAKSIES.

Van Riebeeckstraat 101, Potchefstroom
Tel: (018) 294-8953 k/u



# OOSD☺PPERTJIES

## Wat het Paulus oor die liefde gesê?

1 Korintiërs 13 (wat deur Paulus geskryf is) word die hoofstuk van die liefde genoem omdat dit beskryf hoe om liefde aan ander te wys.
Ontsyfer hierdie woorde wat liefde beskryf:

g u d
l e i g d

_______________

v e n
d
i k r e
l i

_______________

nie nie
j l e r
o a s

_______________

nie nie
g t p t g o o
r r a e i
r

_______________

nie nie
v e w r
a a d n

_______________

Antwoorde: geduldig, vriendelik, nie jaloers nie, nie grootpraterig nie, nie verwaand nie.

## Hoe kan jy liefde wys?

Om liefde te wys is meer as net om vir iemand te sê "ek is lief vir jou" of om vir iemand 'n geskenk te gee.
Trek 'n lyn van elke storie tot by die manier waarop jy liefde kan wys.

**As dié gebeur:**

- Jy bou legkaart saam jou kleinsus. Sy vat baie langer as jy om dit reg te kry.
- Jou vriend kry 'n nuwe speletjie vir sy verjaarsdag.
- Jou mamma vra jou om jou Lego weg te pak en die tafel te dek.
- Jou boetie wil met jou gunsteling speelding speel.

**Wys liefde só:**

- Moenie jaloers wees op jou vriend nie.
- Deel met jou boetie – moenie selfsugtig wees nie.
- Wees geduldig met jou suster.
- Help jou mamma vriendelik.

**GESELS SAAM:** Hoe kan jy liefde aan jou vriende en gesin bewys?